


ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

# KOERANiA

Junie, 2024 | Volume 01 | Uitgawe Nr. 07




# Orania se naam soos heilige graal ontdek

SCOOP

Dia van Staden - Redakteur

Professor Jannie Rossouw is verbonde aan die Wits Besigheidsskool, maar het onlangs bande met Orania vir navorsingsdoeleindes opgeneem. Hy het gevind dat die voorgeskiedenis van Orania nie opgeteken is nie. "In hierdie ondersoek na die historiese "wortels" van Orania voor 1991, is weinig rekords beskikbaar," vertel hy.

Selfs die rekords van die Departement van Waterwese (DvW), wat aanvanklik die dorp ontwikkel het, is ontoereikend. Die ontstaan van Orania se naam het egter sy verbeelding aangegryp en hy het onlangs uiters interessante bevindinge gemaak.

Prof Jannie besef dat hy 'n heilige graal ontdek het, omdat hy indringende navorsing oor Orania as naam vir die dorp eerstehands ondersoek en gevind het. Verskeie argiefrekords bevat Orania en Vluytjeskraal se name, maar het geen detail ingesluit nie.

Toe die naam vir die Taalburo voorgele is vir oorweging was hul onseker oor die naam Orania, want volgens hulle was die dorp 25 myl van die Oranjerivier af. Dit was uiteindelik Poskantoorrekords wat die vername inligting bevat en verskaf het. Uitgebreide korrespondensie het na die bevindinge gevolg. Die tussenin korrespondensie sal binnekort in 'n boek vervat word.

Ses voorstelle. Een naam. Dit klink dalk eenvoudig, maar die proses het tot redelike konflik gelei. Hy skryf ook: "Orania was een van sewe dorpe wat die Departement van Waterwese in daardie tydperk opgerig het vir huisvesting vir personeel wat op die Oranjerivier en verwante waterskemas gewerk het. Die ander dorpe is Gariep Dam (voorheen Oranjekrag), Midshaft, Oviston, Teebus, Uitkeer en Vanderkloof."



Professor Jannie Rossouw het wye navorsing gedoen om uiteindelik op die korrekte inligting af te kom wat verduidelik hoe Orania se naam ontstaan het. Oraniërs sal voorts dié kosbare inligting aan ander media en besoekers kan oordra.

> EK VOEL DIT IS BASIESE RESPEK OM DIE SCOOP VIR ORANIA TE GEE. EK VOEL DAT DIE NUUS OP ORANIA MOET BREEK EN VAN DAAR AF KAN UITBREI.
> *PROFESSOR JANNIE ROSSOUW*




Koerania se damesspan tydens Raar Maar Waar Drizel Holtzhausen Gwen Dirker en Marcel Badenhorst

Foto: Dia van Staden

Hier volg uittreksels uit sy artikel soos vir die Suid-Afrikaanse tydskrif vir Kultuurgeskiedenis saamgestel is:

### ORANIA AS WATERWESEDORP

Die Departement van Waterwese het in 1963 gedeelte 8 van die plaas Vluytjeskraal 149 aangekoop met die doel om 'n dorp aan te lê. Hierdie dorp was aanvanklik bekend as die Vluytjeskraal-dorpsgebied.

*Lees verder op bladsy 2*

## KITSNUUS

Lees meer binne

**Bittereinderdag deur Volkskool aangebied**
*Bladsy 3*

**KultuurKuier 1 – 3 Augustus**
*Bladsy 5*

**Vaders gee raad**
*Bladsy 6*

**Raar maar Waar laat die gemeenskap skater**
*Bladsy 7*

**Yolandi ken haar bakkuns**
*Bladsy 7*

**Stokkiesdraai hou klassieke musiekaand**
*Bladsy 8*

**Dapper Oraniërs by Comrades**
*Bladsye 12*

### Sosiale Media

- Orania Dorpsraad
- oraniadorpsraad
- oraniabeweging
- oraniabeweging
- Koerania

### NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 (Na-ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar. Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

**KOERANIA REDAKSIE: Redakteur** Dia van Staden | **Grafiese ontwerp / Uitleg** Koos Gagiano | **Kontakbesonderhede** redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



# KOFFIE EN KLETS

## met die redakteur



Ek vermoed dat ons almal 'n maand vol verandering agter die blad het. Die winter het voluit sy ysbere gebring. Huiskos verander na warm knuskos. Die somersklere word vir wol, warmer lyfkouse, langer moue en snoesige serpe verruil. Ligte lakens word met koesterkomberse vervang en bedtoegaantyd word al vroeër, want opstaan word elke oggend so bietjie meer uitgerek.

Die kragrekening mag dalk ook 'n hupstoot kry met verwarmers wat die koue moet help verdryf. Alhoewel daar 'n rumoer in die land aan die gang is oor die nasionale stemuitslae en koalisies oral meer vernaam raak, bly die binnegeveg die belangrikste faktor.

Wat doen jy om die koue in jou hart te verdryf? Watter gesprekke knoop jy met jou vriende, familie, bure en ander landgenote aan? Dit is goed en wel om aktuele sake te bespreek, maar word daar na oplossings toe gewerk of bepraat jy die klaende norm?

Elkeen se klein aandeel begin in jou onmiddellike kring. Daar waar jy elke dag beweeg, gesels, werk en woeker. Hoe lyk die ontlonting van konflik daar? Hoe neem jy leiding om daadwerklik 'n oplossing op vrae te vind? Prioritiseer jy die struikelblokke om uiteindelik die dramalysie korter te maak?

Dit is Sondag Vadersdag. Indien jy nog so gelukkig is om 'n pa naby jou te hê moet jy die genade van God daarin sien. Leer by hom. Sit op sy skoot. Vra baie vrae, want hy kan nie vervang word nie.

Mag daar warmte in elkeen se hart wees, terwyl die koue buite woed. Dit is 'n nuwe seisoen. Leer om waar te neem en gebruik jou sintuie optimaal. Moet nie dat verandering jou wen nie. Speel die kaarte wat jy kry met oorgawe en leef voluit! Wees 'n voltydse student van die lewe.

Hierdie maand gaan jy warm sjokolade, koffie, chai tee of suurlemoenwater kan drink terwyl daar geklets word. Skink vir jou bure ook 'n koppie.

Geniet die nuwe maand saam met Koerania!

*Dia van Staden*

# Frans neem met positiwiteit sy nuwe taak op

Hy is in 2000 in Orania gebore. Die gebou wat tans die dorpskantoor is, was voorheen die hospitaal. Dit is geen wonder daardie lang gange leen hom vandag tot 'n hele klomp kantore nie.

In 2019 het Frans de Klerk sy B.com Menslike Hulpbronbestuur aan die Universiteit van Pretoria gaan afskop. Hy het daar sy honneurs in B.com Strategiese Kommunikasie voltooi.

Na 'n kort internskap by Solidariteit het hy vir 'n jaar by die FAK en die Voortrekkermonument se span aangesluit. "Orania is nog altyd deel van my plan! Ek het hier grootgeword en skoolgegaan en sien nog altyd daarna uit om my bestaan ook hier te maak," vertel Frans opgewonde. Na sy studies en 'n bietjie werkservaring het hy daarna uitgesien om huistoe te kom.

Frans het pas die stoel van die Orania Beweging se Kommunikasiebeampte ingeneem en sien daarna uit om dié dorpie, wat volgens hom propvol geleenthede is, met die nodige deursettingsvermoë te help bou.

Dié jongman glo in gemeenskapsdeelname en geniet die verhoog. Toneelspel en optredes is altyd vir hom lekker. Hy en goeie vriend, Carel Boshoff, vorm die groep Terloops, en maak graag saam musiek.

Dit is sy oortuiging dat Orania op hierdie stadium van sy lewe die regte plek vir hom is. "GROEI GROEI GROEI! Die Orania-ideaal is 'n spanpoging en ek wil help om die span te groei, en julle moet sommer almal as lede van die Orania Beweging aansluit!" voeg hy skalks by.

Waar wil hy hom oor tien jaar bevind? "Wie weet? Oor 10 jaar behoort ek deel te wees van 'n instelling waarin ek glo en waar ek 'n effektiewe bydrae kan lewer. Dan sal ek gelukkig wees."



**Frans de Klerk het pas by die Orania Beweging as hul Kommunikasiebeampte aangesluit. Hy beywer hom vir die Orania-ideaal.**

# Orania se naam soos heilige graal ontdek (Vervolg)

*Van bladsy 1*

### DIE AARD VAN ORANIA AS WATERWESEDORP

Die Vluytjeskraal-dorpsgebied en ook Orania, nadat die naam aanvaar is, was onder sommige inwoners as "Die Kamp" bekend. Volgens Visagie was die hele dorp omhein, het dit aan die DvW behoort het en is dit sodanig bestuur. Hy dui aan dat die woonbuurt wat vandag as Orania-oos bekend is, destyds Groot Kamp genoem is. Orania-wes is destyds Klein Kamp genoem, omdat dit kleiner was.

Orania het 'n maandelikse koerant, *Orania Nuus*, gehad wat Visagie en sy vrou uitgegee het en wat nuusgebeure op die dorp gedek het. Die koerant is maandeliks by die DvW se kantoor op Orania geliaseer vir rekordhouding, maar hierdie rekords het nie op Orania behoue gebly nie. Dit is onduidelik of hierdie historiese rekords nog bestaan.

### BENOEMING VAN ORANIA

Mnr Joe Coetzee se ouers het op Orania gewoon en hy was vanaf 1966 daar in die laerskool. Coetzee verduidelik dat die blanke inwoners in die omgang die naam Vluytjeskraal of Die Kamp vir die dorp gebruik het, terwyl swart inwoners na die dorp as Orika verwys het.

Visagie, wat vir die Vluytjeskraal-dorpsgebied se opmeetwerk verantwoordelik was, het die naam Orika en die gebruik van "Die Kamp" verduidelik en het deurgaans verwys na die dorp as 'n "kamp", want die gesag van die DvW het aldaar gegeld en die dorp was afgekamp met toegangshekke.

Volgens Visagie was Orika die aanvanklike voorstel vir die naam, maar dit is deur die Suid-Afrikaanse Poskantoor verwerp omdat daar destyds 'n ander Suid-Afrikaanse Poskantoor was (klaarblyklik Erika) waarvan die naam volgens die poskantoor té naby aan Orika was.

'n Dokumentebundel by die Nasionale Argief in Pretoria werp lig op die keuse van Orania as naam vir die dorp toe. Die Suid-Afrikaanse poskantoor se afdelingskontroleur vir die Noord-Kaap (ene mnr Rautenbach) het op 23 Maart 1966 in 'n brief aan die posmeester op Hopetown navraag gedoen oor die wenslikheid van die vestiging van 'n posagentskap op die nuwe dorp wat die DvW op gedeelte 8 van Vluytjeskraal 149 ontwikkel het. Hierdie brief vra 'n mening oor sodanige vestiging op Orika, maar dit is duidelik dat Orika op 'n latere tydstip in die brief uitgekrap en met Orania vervang is. Die wysiging is ongedateer.



**Redakteur Dia van Staden, het professor Jannie Rossouw in Pretoria ontmoet om sy artikel te bespreek.**

Die dokumentebundel toon dat die waarnemende assistent-posmeester-generaal, poswese, die afdelingskontroleur, Noord-Kaap, op 15 Julie 1966 ingelig het dat "(n)ie een van die drie voorgestelde name … (vir die dorp) … is aanneemlik nie aangesien hulle met bestaande plekname verwar kan word." Naamverwarring van poskantore was destyds 'n probleem, omdat Suid-Afrika eers op 8 Oktober 1973 poskodes vir straatadresse in stede/dorpe en vir poskantore in gebruik geneem het.

Verdere korrespondensie in dieselfde dokumentebundel toon 'n gebrek aan alternatiewe name nadat die drie vorige voorstelle onaanvaarbaar bevind is. Gevolglik het mnr H.W Lansdell, die hoofingeneiur op die dorp, eers op 21 Oktober 1966 in 'n brief aan die posmeester op Hopetown vyf verdere alternatiewe name vir oorweging voorgelê. Die volgende name is aan hom verstrek: Kanalia, Orania, Orika, Wateraar en Waterbron." Lansdell het egter aangedui dat Orika steeds die voorkeurnaam was. Die brief verskaf nie enige motivering vir hierdie name nie. In die dokumentebundel is voltooide (maar ongedateerde) U.E. 270-vorms wat dieselfde motivering vir die name Kanalia, Wateraar en Waterbron gee, naamlik "die voorgestelde poskantoor is geleë by die kampdorp van die Departement Waterwese, waarvandaan die bou van die kanaalstelsel vanaf die Vanderkloofdam beheer word. Die benaming is kunsmatig ontwerp."

In dieselfde dokumentebundel is 'n memorandum gedateer 18 Januarie 1967 wat deur die assistent-posmeester-generaal, personeel en algemeen (naam onbekend) onderteken is, wat aantoon dat Orania as naam vir die dorp onder verdere oorweging was. Na oorweging is dit egter met 'n versoek vir verdere verduideliking vir die oorsprong van die naam terugverwys, onder meer omdat die naam nie Afrikaans is nie en kunsmatig geskep is.

'n Posagentskap met die naam Orania is op 18 Julie 1967 op die dorp geopen. 'n Ander dokumentebundel by die Nasionale Argief in Pretoria bevat 'n memorandum gedateer 28 Julie 1967 waarin die (destydse) afdelingskontroleur Noord-Kaapland (naam onbekend) motiveer dat die posagentskap op Orania tot 'n poskantoor opgegradeer word. Die posagentskap is vanaf 1 November 1967 tot 'n poskantoortak opgegradeer. In 'n handgeskrewe nota in dieselfde dokumentebundel wat datumstempels van 26 en 28 Januarie 1967 en 1 Februarie 1967 (van verskillende kantore) toon, word verklaar dat: "(d)ie naaste punt van die Kampdorp aan die Oranjerivier is ½ myl en die verste punt is 1¾ myl. Die 'Oran' verwys na die rivier en die 'ia' is kunsmatig byvoeg om die naam strelend of welluidend te laat klink". Voorts meld dieselfde nota dat "(t)he name 'Orania' has been formulated presumably on a similar basis as that applicable to the name of the 'Transvalia' office in Pretoria." Orania as naam vir die dorp is na hierdie motivering goedgekeur.

Professor Rossouw noem in sy akademiese navorsingsmanuskrif: "Hierdie historiese navorsing toon duidelik die belangrike rol van die argivale bewaring van dokumentasie vir toekomstige geskiedskrywing."

*Bron: Jannie Rossouw*
*Suid-Afrikaanse tydskrif vir Kultuurgeskiedenis Junie 2024 Volume*
*South African Journal of Cultural History (journals.co.za)*

# Bittereinderdag word op 31 Mei in Orania as 'n amptelike vakansiedag gevier

*Hier is inligting oor Bittereinderdag soos op die Orania Beweging se webblad gevind:*

**BITTEREINDERDAG OP ORANIA**
**ONTHOU DIE VERLEDE, BOU DIE TOEKOMS**
**ORANIA BEWEGING**

Op 31 Mei het belangrike gebeure in die Afrikaner se geskiedenis plaasgevind. Die bekendste een is seker die stigting van die Republiek in 1961, maar die eerste groot en eintlik besonder hartseer gebeurtenis was die Vrede van Vereniging wat op 31 Mei 1902 onderteken is en waarmee die Boererepublieke Transvaal en Oranje-Vrystaat hulle vryheid verloor het.

Dit was geen vrede met blydskap en triomf nie, maar met bitterheid en in die aangesig van derduisende vermoorde vroue en kinders en honderde afgebrande plase. Daarom staan die dag ook as Bittereinderdag bekend, om dié te eer wat tot die bitter einde toe uitgehou het en word as sulkes in Orania herdenk. Nogtans markeer die dag nie net neerlaag nie, maar ook die begin van 'n proses van heropstanding uit die as.


Dit moet vir huidige geslagte Afrikaners wat in sak en as sit oor die verlies van mag en oor die onvermoë om die verval van alles wat vir ons mense kosbaar is te stuit, as inspirasie dien. Die omstandighede is natuurlik vandag anders as in 1902, maar eintlik was die Afrikanervolk destyds meer teen die grond en het minder rede tot hoop gehad as vandag.

In Orania word die dag op 'n gewyde manier herdenk, met 'n besoek aan die nabye Oranjerivier-konsentrasiekampterrein, waar die grafte van vroue en kinders skoongemaak word en blomme ter ere van hulle offers op die grafte gesit word. Daarby word ook die lyding van destyds deur historiese vertellings en die besoek aan die museum en die herinneringsmuur in herinnering geroep. Dit is 'n gewyde en hartroerende geleentheid, maar die ontspanne saamkuier na die tyd op egte Boeremanier ontbreek nie. Immers gaan dit ook oor die huidige Afrikanervolk wat wel moet onthou, maar wat na die toekoms kyk en wat ten spyte van lyding en groot verliese nog hier is, en wat nog geslagte lank hier wil wees.

Die bekende klagte in Afrikanergeledere "ons kan nie saamstaan nie (omdat ons nie almal een leier, een party en een kerk het nie)" word op Orania verkeerd bewys. Ons kan saamstaan vir 'n gedeelde ideaal.

Foto's: Carel Boshoff




O wye en droewe land

O wye en droewe land, alleen
onder die groot suidersterre,
Sal nooit 'n hoë blydskap kom
deur jou stil droefenis?
Jy ken die pyn en eensaam lye
van onbewuste enkelinge,
die verre sterwe op die veld,
die klein begrafenis;

eenvoudige mense wat getrou
en enkeld bitter dinge doen,
en enkeld val soos korrels saad;
stil daad, klein trou, klein troulooshei
van dié wat om 'n ander diens
soos knegte jou verlaat.

Sal nooit 'n magtige skoonheid kom
oor jou soos die haelwit somerwolk
wat uitbloei oor jou donker berge,
en nooit in jou 'n daad geskied
wat opklink oor die aarde en
die jare in hul onmag terge;

'n grootsheid van so suiwer glans,
dat mense in 'n verre land
wat van jou naam die melding hoor,
met wilde en helder oog sal staar
soos vroeë vaarders in die nag
verskoe gesien het kim bo kim
die nuwe, blom-groot sterre styg
op uit jou see se wit gevaar?

Uit die dieper reg van N.P. van Wyk Louw

BITTEREINDERDAG 31 MEI 1993

Ben Raubenheimer, voorheen die hoof van Volkskool Orania, stel in 'n onlangse Facebook plasing dat hy die term "Bittereinderdag" gemunt het. Hy deel die program van die eerste viering by die Doringbult Konsesntrasiekampkerkhof.



Carel Boshoff, hoof van Volkskool Orania en aanbieders van Bittereinderdag se feesvieringe vanjaar vertel: "Tannie Rina Wiid gee die tragiese deel van ons volk se geskiedenis, lewe. Doornbult as kampterrein en verteenwoordiging hiervan bring mens een tree nader aan die gebeure."

# Orasolbattery vorder...

Francois Joubert en Riaan Jacobs sal Orasol verteenwoordig wanneer daar binne die volgende paar dae fabriekstoetse op die skakeltuig gedoen word.

Op 24 Junie sal die skakeltuig in Johannesburg opgelaai word en op 25 Junie in Orania arriveer. Die proses van inwerkingstelling en om die skakeltuig, battery en beheerstelsel te koppel sal dan begin. Die Orasol bestuur beoog om op Saterdag 20 Julie die gebruik vir die Orasolbattery amptelik te vier.

Mauritz Meyer, hoof van die elektriese afdeling en sy span het reeds koppelings voltooi. Netwerkkoppelings word fyn beplan om alle sleutelpunte uiteindelik met mekaar te laat kommunikeer.



Francois Joubert



Riaan Jacobs



Mauritz Meyer hoof van elektriese afdeling

Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys

Prokureurs, notarisse en aktevervaardigers

- Advies met verkoop van eiendom
- Opstel van koopooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Notariële waarmerkings
- Algemene regsadvies
- Eiendomsreg
- Testamente

KONTAK ONS VANDAG NOG!

Tel: 012 941 9239 • E-pos: admin@hurterspies.co.za




053 110 0620 061 768 1852 ontvangs@bko.co.za

# Orania Kuier rondom Kultuur

### WYSIES EN WOORDE SKOP DIE KULTUURKUIER AF

Stef Kruger en Dana Snyman besoek Orania tydens die KultuurKuier op 1 en 2 Augustus vanjaar.

Dié twee gewilde kunstenaars vat jou op 'n woord- en musikale reis aangesien Stef al 45 jaar liedjies skep en sing. Liedjies soos Pennies op die spoor, Grassade in die wind, Tussen jou en my en Kronkelpad beloftes om maar 'n paar te noem. 'n Magdom kunstenaars het sy liedjies opgeneem, maar sy persoonlike vertolkings is uitmuntend. "Wanneer lirieke uit jou eie pen kom, is daar altyd soveel meer waarde daaraan wanneer jy dit self vertolk," vertel Stef.

Skrywer Dana Snyman se nuutste boek, Seun, sal dan die rakke tref en die inhoud handel oor sy eie lewe. Dana het 'n unieke manier van stories vaslê en dit kry pragtig lewe wanneer hy dit self vertel.

Stef en Dana sien daarna uit om die Oraniagehore te vermaak en hulle eiesoortige kuns te kom deel.

Die KultuurKuier se volledige program sal eersdaags op Koerania se sosiale media platforms gedeel word. Dit beloof om boekwurms, liefhebbers van kuns, musiek, kultuur en kuier se aptyt mateloos te bevredig.

Kaartjies sal by die Orania Beweging beskikbaar gestel word. Kontak die Okkasie Hasie by 083 726 1180 vir meer besonderhede.

www.koerania.co.za

### BOEKE EN BREDIES

Daar sal 'n verskeidenheid skrywers Orania besoek tydens die KultuurKuier. Dana Snyman, Willie Spies, Riaan Grobler en Stef Kruger sal deel vorm van die groep.

Die skrywers gaan by die tafels rondom 'n bredie plaasneem om met die inwoners te kuier. Daar sal 'n paneelbespreking gehou word sodat almal die skrywers en hul skryfproses 'n bietjie beter kan leer ken.

Meer inligting oor kaartjies sal binnekort beskikbaar wees.

### WILLIE SLAAN 'N EIE RIGTING IN

Willie Spies, 'n bekende in regskringe, se boek is 'n bundel van sy rubrieke wat oor 'n lang tydperk in Beeld verskyn het. Hy besoek Orania tydens die KultuurKuier en bring die feite saam.

Eierigting is'n regsterm wat beteken dat jy die reg in jou eie hande neem.

In 'n grondwetlike bestel is die uitgangspunt dat die burgery kollektief hul reg om hulself te beskerm oordra aan die staat. Wanneer die staat faal en nie meer sy burgers beskerm nie, verander die situasie. Dan raak eierigting nodig.


Willie Spies skryf sedert 2016, die jaar van Fees Must Fall in Suid-Afrika en die verkiesing van Donald Trump in die VSA, rubrieke vir Beeld en Netwerk 24.

Die rubrieke ontgin die stand van die makro-omgewing van verval van die staat waarin Suid-Afrikaners hulle bevind gedurende die jare van staatskaping, die einde van die Zuma-bewind, die EFF, die einde van Afrikaans in die universiteitswese, die era van Rama-forie, die COVID-pandemie en gepaardgaande wêreld gebeure in historiese konteks.

Dit keer telkens terug na die mikro-werklikheid van eie menswees, geloof, hartseer, eensaamheid, verlies, ouer-word en vergifnis.

Dit ondersoek 'n nuwe vryheidsideaal, 30 jaar na die verkiesing van 27 April 1994 en beskryf hoe eierigting regmatig deur instellings van die burgerlike samelewing plaasvind wat leemtes vul wat die staat ooplaat.

*Bron: Naledi*



Stef Kruger


Willie Spies


Dana Snyman


Riaan Grobler is skrywer, sanger en radio omroeper






Lida Strydom - Burgemeester

## Bank jou arbeid!

Redelik vroeg in Orania se geskiedenis vertel Ronel Coetzee ons van Permakultuur. Christiaan van Zyl ken dit ook. Gou ontstaan 'n geesdriftige groepie rondom dié idees. Ons wil bewaar en bewerk waar ons bewoon.

Permakultuur bied selfs 'n oplossing vir talle probleme rondom eie arbeid. So begin ons 'n arbeidsbank. Dit beteken dat die lede van die groep om die beurt by mekaar werk. Prakties werk dit toe só: Elke Donderdagmiddag van vyf tot ses uur kom ons by een van die lede se huise bymekaar en vir een uur doen die sowat vyftien lede van die groep die werk wat die lid by wie ons dié dag werk, gekies het. Dit kan enige iets wees van vensters was, bome plant, sitrusskil opkerf vir marmelade, die motorhuis regpak, die werf skoonmaak of om 'n modder-en-strooi-hut te bou. (Mens was veral dankbaar as die groep op 'n Donderdag by jou kom werk het voor die familie die naweek kom kuier, want in een uur is daar dan vyftien man-ure se werk verrig!)


Die groep het gewerk met debiete en krediete, dus as die groep by die Strydoms kom werk het, is daar tien uur debiet op ons rekening geplaas. As ons gesin van vyf by enige ander lid van die groep gaan werk het, is ons beloon met 'n krediet van vyf uur. Die stelsel het baie goed gewerk, veral omdat ons almal vriende was. Dit was nie nodig om enige iemand op te pas nie, want almal het verantwoordelik gewerk en die take wat gedoen moes word, verstaan. Almal bring sommer hulle eie toerusting saam en as 'n mens net een uur het om te werk, dan klim jy in en doen so vinnig so veel as moontlik. Natuurlik is daar lekker gesels in die uurtjie, en dikwels is daar ook 'n bietjie ná die werk gekuier.

Eie arbeid in 'n gemeenskap was vir ons nuut en hierdie was 'n baie praktiese oplossing daarvoor. Eie arbeid is een van Orania se kernbeginsels. Dit is eie arbeid wat 'n demografiese verskuiwing veroorsaak en só 'n nuwe werklikheid skep. Eie arbeid is duur, maar dit skep vir ons vryheid en voorspoed op die langer termyn. Deur eie arbeid herwin ons vaardighede wat ons verloor het en raak ons minder afhanklik van ander. Dit is veral eie arbeid wat Orania veilig maak – verstaan jy al hoe dit werk?

Soos ons die ure van eie arbeid in ons gemeenskap deponeer, belê ons in ons toekoms. Skep ons hoop. Staan 'n volk weer op.

Bêre jy al hierdie beginsel in jou hart, soos in jou kop? As ons almal saam belê groei ons bankbalans baie vinnig. Hoe deponeer jy in ons gesamentlike arbeidsbank?

Laat weet!



Elke vader moet 'n voorbeeld van opregtheid, respek, eerlikheid, leierskap, standvastigheid en medemenslikheid vir sy kinders wees.

**Koerania wens elke pa 'n voortreflike Vadersdag toe!**

Mag jy bederf word en daardie vonkel in jou oë behoue bly!

# Afrikaans amptelik 100 - veldtog

**AFRIKAANS IS ONS ALMAL S'N.**

Afrikaans vier in 2025 haar eeufees as amptelike taal

Ons gebruik Afrikaans al vir honderde jare, maar op 8 Mei 2025 vier sy 100 jaar as amptelike taal. Ons skop op 8 Mei 2024 af met 'n jaar se plesierigheid tot 8 Mei 2025 wanneer die taal feestelik in die Paarl by die Taalmonument gevier gaan word.

Waarvoor wag jy? Teken die Afrikaans Amptelik 100-manifes en maak reg vir 'n groot jol. Almal is genooi!

**DIE OORSIGKOMITEE**

Die oorsigkomitee van Afrikaans 100, met Theuns Eloff (voorsitter: Dagbreektrust) as voorsitter en Michael Jonas (direkteur: Afrikaanse Taalmuseum- en Monument, Paarl) as ondervoorsitter, aan die stuur, is vroeër vanjaar gevestig. Ander persone op die komitee is Astrid de Vos, Diana Ferrus, Werner Human, Susan Lombaard, Karen Meiring, Sinki Mlambo, Hendrik Theys, Merlyn van der Rheede en Heindrich Wyngaard met Conrad Steenkamp en Ria Olivier as die sekretariaat.

Giep van Zyl, voormalige hoof van Aardklop, is onlangs aangestel as die nasionale koördineerder, met René Arendse, 'n bekende motiveringspreker en opleier van veral vroue-entrepreneurs, wat as nasionale adjunkkoördineerder aangestel is.

AFRIKAANS AMPTELIK 100

DIE GROENHUIS
GARSFONTEINWEG 38
WATERKLOOF

Daar is verder ook 'n span kundiges wat as domeinsameroepers met die reëlings gaan help. Onder hulle is kenners in die onderwys, die kunste, studentelewe, die sakesektor, die uitgewersbedryf en die media.

Tydens hierdie feesveldtog sal ons graag wil sien dat Afrikaans se bydraes op talle gebiede gevier word, soos die kunste, literatuur, drama, poësie, onderwys, musiek (lig en klassiek), akademiese navorsing en woordeboeke (om maar 'n paar te noem). Daarom nooi ons alle organisasies om hieraan deel te neem.

# Vadersdag!

Op Sondag 16 Junie word Vadersdag gevier. Dit is 'n dag waarop kinders, ma's, pa's en families vaderskap kan vier! Pa's kan geïnspireer word met hartlike wense, geskenke, foto's en woorde van waardering. Tegnologie maak dit natuurlik maklik om jou liefde en gevoelens uit te druk. Niks sê dit egter beter as 'n drukkie, in die oë kyk en om persoonlik vir hom te sê: "Ek is baie lief vir pappa!"

Koerania het vir 'n paar vaders gevra watter raad hulle graag vir hulle kinders gegee het of tans gee en waarteen hulle hul kinders waarsku. Lees lekker saam aan die verskeidenheid kosbare antwoorde.



**ABRAHAM VAN ZYL**

"Moet nooit vir my of enige iemand anders jok nie. Hulle het dalk probeer maar baie gou agter gekom dit werk nie."



**WILLIE NEL**

"Leef elke dag voluit! Wees nederig en geanker in jou geloof en gryp geleenthede met oop arms aan, want die lewe is net genade. Moet nooit iets doen waaroor jy later spyt sal wees nie."



**THEUNIE KRUGER**

"Jy het net eenkeer 'n goeie naam, werk hard om dit so te hou. Vra altyd: Wat sê die Here daaroor?"



**THEUNS WESSELS**

"Ek waarsku my kinders om nie rondom stilstaande voertuie te speel nie, want dit gebeur té gereeld dat ouers oor hul eie kinders ry. My raad aan my kinders is om elke dag eerlik te wees, dit maak nie saak hoe moeilik dit soms is nie."



**HANS VAN STADEN**

"Neem goeie besluite, want jy is alleenlik verantwoordelik vir jou geluk en sukses. Doen jou werk of wat jy ookal doen goed, en lewer 'n goeie produk of diens."



**WYNAND BOSHOFF**

"Die beste raad wat ek aan my kinders kan gee is ook die raad wat my pa aan my gegee het: Geluk werk partykeer, maar werk werk altyd."



**JAMES KEMP**

James moedig sy dogtertjie aan om altyd haarself te wees en daarteen te waak dat ander aan haar voorskryf wie en wat sy moet wees.



**KOOS STEENKAMP**

"Moenie die fout maak en dink jy het genoeg Bybel gelees nie."





**PETER WELGEMOED**

"Net omdat almal iets doen, beteken dit nie noodwendig dat dit reg is nie. Ek moedig my kind aan om vir homself te evalueer of wat hy doen reg is en op die regte manier gedoen word."



**BENNIE HOFFMANN**

PSALMS 119:9: Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na U woord.

# Vanuit die gehoor

Lené van der Walt

Foto's: Cherise Barnard

Moenie die volgende Raar maar Waar misloop nie. Jy gaan verseker jammer wees. Die derde RmW het die vorige jaar werklik oortref. Die baie lag het elke spier in jou gesig laat oefen. Die twee spanne het met ‘n groot gedruis na die verhoog beweeg en toe kon jy al sien dat dit ń prettige aand gaan wees. Dit was Afsaal eiendomme se mansspan teen Koerania se damesspan!

Met tong in die kies is elke spanlid se naam geskommel om by sy of haar persoonlikheid te pas. Name soos 3-sel (Drizel Holtzhausen) en RuPlan (Ruaan van Dyk) is gebruik. Ek dink die spanlede het hulself verbaas met die uiteenlopende opvoerings, rympies maak en slimmighede wat hulle spontaan moes kwytraak, want tyd vir dink of voorberei is daar nie. Dit is juis die onverwagse oomblikke wat tot baie lag lei.

Die sombomme (Sumari de Wet en Jay Moore) wat telling gehou het was daar met hulle groot syferkaarte en moes kophou met punte bytel en strafpunte aftrek, want dit was ook nodig om Afsaalspan in toom te hou met hul raserige vuvuzela's. Die geraas het Dia, die aanbieder, ‘n paar maal laat dreig om die blaasinstrumente iewerste te help bêre. Die "maak-my-siekfabriek" was uitstekend. Van die singende ds Ruan tot die talentvolle prokureur, Christelle. Dolf, die dromspeler, Adri op baskitaar en Ruben op die djembe het gehelp om die beste musiek en lekkerste saamsing te laat opklink.

Die gehoor was lekker aan die gang en het so tussen die lekker saam eet en saam speel passievol deel geneem om van die aand ‘n groot sukses te maak. Regter James, wat deeglik met voggies deur die Afsaal persoonlikhede omgekoop is, moes gedurig reg gehelp word met die telling... Die Koeraniaspan het voort gewoeker sonder veel omkopery. Helaas het die 2 spanne gelykop geeïndig. Die amusante, kleurvolle, vermaaklike aanbieder, Dia, het met ń pienk haasstert en bont onderbaadjie waarop ‘n magdom gehekelde blommetjies aangebring is, vir skaterende sêgoed gesorg.

Ons dorp, Orania, is altyd in die nuus met joernaliste wat ons gereeld besoek. Die Saterdagaand met Raar maar Waar het ‘n Italiaanse fotograaf en ‘n Franse fotograaf die eerste gedeelte van die pretaand meegemaak. Ek sal altyd wonder wat hulle gedink het toe ons klomp boere Afrikaners ons so gate uit geniet het. Wat het hul vir hul landsburgers in die fotobyskrifte en rubieke van die klein groepie burgers aan die Suidpunt van donker Afrika vertel? Mooi so Orania dit was ‘n heerlike aand van vermaak, vir ‘n goeie doel!



Koerania se dames wys hoe gesinkroniseerde ballet gedoen word

Afsaal Eiendomme se span Ruaan van Dyk Reinhardt Coetzee Hans van Staden



Reinhardt Coetzee toon wat hy alles met ‘n toiletborsel kan doen



Musiekfabriek: Voor ds Ruan Combrink (kitaar en sang), Christelle de Villiers (klawerbord) en agter staan Ruben Doubell (djembe), Adri Vogel (baskitaar) en Dolf Vogel (dromme).



James Kemp as regter by Raar maar Waar



Kobus Stone en Riaan J van Vueren wat gebaretaal doen





Ruaan van Dyk se stomstreke eskapades



Daar was genoeg om voor te lag by Raar maar Waar



Aanbieder Dia van Staden

# Yolandi bak, maar brou min

Dia van Staden - Redakteur

Haar vooruitsig was om in Orania haar liefde vir kunstige handwerk te kom uitleef. Daardie kunsitems is egter meestal nog in kratte weggepak, want enige persoon wat vir Yolandi Handford ken sal weet dat soetigheid en ganache sinoniem is met dié bo-baas bakster.

Yolandi beweeg gemaklik en rustig in haar verrassende klein kombuis rond terwyl sy eers koffie aanbied voordat die groot gesels begin. Haar man, André, is by ‘n groot tafel in die oopplan vertrek doenig met sy eie interessante besigheid se weegaksies, waarvan Koerania op ‘n latere stadium meer sal vertel. Jessica, hul 9 jarige dogtertjie is by die skool, maar die skool sluit ook vir die vakansie vandag.

Dié hegte gesin van drie bewoon en bewerk behoorlik. Daar is katte, honde, skape, hoenders en perde op hulle erf. Dit is enige kind se droom om so tussen diere, skoon lug, die vryheid van veiligheid en liefdevolle ouers groot te word.

Yolandi was ‘n debiteure en krediteureklerk by ‘n voertuigmaatskappy in die Brakpanomgewing toe André haar na Orania gerokkel het. Haar kleintyd droom was eerder om in die kosbedryf te werk, maar die hoeveelheid koeksisters wat sy nou in ‘n maand bak was nooit op die kaarte nie.

"My ma het nog altyd gebak en kos gemaak. As die oudste kind van vier het van laerskool af belanggestel in bak en brou en my ma graag in die kombuis gehelp," vertel sy. Koeksisters, boontjiesop en tamatiebredie was haar ma se gunstelinge. Sy noem dat haar ma graag koekies en beskuit bak. "Ek bak beskuit net vir my huis. Dit is nie koste-effektief om beskuit met gas te bak nie."

Terwyl Yolandi die vlegsels deeg versigtig in die olie pak, ‘n dosyn per baksel, vra ek haar uit oor wat sy as ‘n gunsteling driegang maal in die winter sou voorsit:
Voorgereg: Hoendersop met ‘n broodjie
Hoofgereg: Beessstertbredie met stampmielies en soetpatats
Nagereg: Malvapoeding met vla

Yolandi is dankbaar vir haar kliëntebasis wat groter maat bestellings op ‘n gereelde basis plaas. "Dit is voordelig as iemand op grootmaat bestel, want dit help met die beperkte arbeid wat ek as eenvrousaak kan verskaf. Jy leer kliënte se behoeftes vinnig ken," deel sy. Sy hou daarvan as ‘n kliënt met haar eerlik is wanneer hul nie gelukkig is met ‘n produk nie. Dit is al hoe sy haar kwaliteit kan verbeter.

"Koeksisters en ander gebak neem nie werklik die kreatiewe spasie op wat hand- en kunswerk doen nie, maar dit help darem so bietjie," vertel Yolandi terwyl sy die goudbruin diepgebraaide koeksisters in die stroop onderdompel.

Sy kan nie advokadopeer eet nie, want die tekstuur herinner haar aan ‘n babadoek. Daar is egter ‘n paar gunstelinge wat sy met my gedeel het. Yolandi verkies gebak bo ‘n driegang ete, sy sal soet bo sout kies, gebakte koek wen voor ‘n yskastert en koffie daarmee saam, eerder as warm sjokolade. Sy geniet ‘n lekker skaaptjoppie, want vis is nie haar eerste keuse nie.

Wanneer dit by haar gesin se kosvoorkeure kom vertel sy dat Jessical vis en rou groente verkies. Haar man is makliker, want hy eet graag wat sy ookal voorsit. Sy weet dat sy haar manlief met spaghetti bolognese en kerriehoender kan omkoop.

Yolandi bewerk gewoonlik 25kg meel se deeg per keer. Sy bak gewoonlik van ongeveer 17:00 tot 22:00, maar soms tot 02:00 in die oggendure, afhangende van hoeveel bestellings sy het en hoeveel deeg aangemaak is. Daardie tyd op haar voete lewer gewoonlik 50 dosyn koeksisters op.

Die enigste item wat haar lewe as ‘n bakster makliker behoort te maak is ‘n industriële menger, maar sy besef dat die persoonlike aandag aan daardie deeg wat ‘n perfekte tekstuur moet hê, ook belangrik is.

Dié bakster het in 2019 met so 10 dosyn koeksisters per maand begin, en berei nou byna elke maand 500 dosyn koeksisters voor! In die ander ure van elke dag wag daar huiswerk, werfwerk, skoolwerk en algemene take. "Ek sou graag wou brei of verf of decoupage doen. Bak vul ‘n klein stukkie van my kreatiewe behoeftes," sê sy met ‘n opregte verlange om saam met vriendinne met kunswerk skeppend te raak.

Tot dit gebeur reis haar sjokolade ganashe koeke per koerier selfs na Bloemfontein en Durban en smul inwoners en besoekers heerlik aan haar soet bederfies.



Yolandi Handford is bakster van formaat en hou die soettande van Orania gelukkig



Die koeksisters word direk uit die olie diep gedoop om hul stroopinhoud te verseker



Al geselsende bak sy dosyne koeksisters wat afkoel en dan gevries word vir daardie kraakbyt lekkerte

Gemeenskapsnuus
KOERANIA
Junie, 2024 Bladsy 8 Volume 01 / Uitgawe Nr. 07

# Volkskool vier 33 jaar!


Phillip en Annamarie Buitendag het nie op hulle laat wag toe daar potjiekos gemaak moet word nie.

Op Saterdag 8 Junie het Volkskool Orania se binnehof in 'n partytjie ontaard toe daar fees gevier is vir hul verjaardag.

Die kinders kon deelneem aan 'n verskeidenheid kompetisies en daar is koeke versier om te sien wie kreatief kan raak met eetbare versierings.

Daar word elke jaar uitgesien na die Potjiekoskompetisie wat met 'n mooi gees aangepak word. Smullekker potjies is geproe en daarna te koop aangebied.

Ons sien saam met Volkskool Orania uit na die volgende mylpaal!


Judy en pa Schalk Albertyn is in rooi getooi vir die potjiekoskompetisie.


Anesta du Preez en Carel Boshoff is die A&C-span en gereed vir die uitdaging.







## Keur van musiek by Stokkiesdraai

Die Stokkiesdraai Restaurant het 'n pragtige klassieke musiekaand by die restaurant aangebied waartydens Jaco Mulder sy klassieke kitaar en Heinz Lüdtke die klawerbord bespeel het.

'n Intieme gehoor het waarderend na Jaco se Spaanse interpretasies en Heinz se eie komposisies geluister. Jaco van der Walt en L'lize J van Rensburg het die gaste welkom laat voel en gaste het heerlike etes van die spyskaart af bestel.

Dit was 'n ideale Vrydagaand se vermaak na 'n week van woeker.


Jaco Mulder se flinke vingeraksies bring pragtige klanke op die klassieke kitaar na vore

Heinz Ludtke skryf graag sy eie musiek en laat die klawers gedy

**Promosie**

# Die Dorslandtrekkers word 150 later steeds onthou

’n Eeu en ’n half nadat ongeveer 700 Afrikaners, in 1874, besluit het om die Republiek van Transvaal te verlaat, word hulle spore deur Afrika by die Voortrekkermonument (VTM) herdenk.

Die trekkers het kort ná mekaar besluit om die republiek te verlaat en ’n beter toekoms elders te gaan soek. Hulle het noordweswaarts getrek deur Botswana en Namibië en hulle uiteindelik in die suidweste van Angola gaan vestig.

Die afgelope naweek, 150 jaar na dié Trek plaasgevind het, het die Dorslandtrekvereniging RSA (DTV) dié manne en vroue se belangrike nalatenskap met ’n twee-dae-lange fees by die VTM, saam met direkte afstammelinge van dié trekkers, gevier.

Dr. Danie Langner, besturende direkteur van die Voortrekkermonument, sê die lewens van dié manne en vroue vertel ’n inspirerende verhaal en laat mens opnuut besef hoeveel ons voorouers opgeoffer het om vir ons ’n beter toekoms te skep.


“Min mense ken die geskiedenis van Gert Alberts en sy trekgeselskap wat in 1874 noordwaarts deur Botswana tot in Angola getrek het,” vertel Langner.

“Dit is ’n inspirerende verhaal van toekomshoop, vorentoe beur, waagmoed, trane en lyding met ’n sug na vryheid as dryfkrag.”

Saam met die Groot Trek en die Brits-Oos-Afrika trek is die Dorslandtrek een van Afrikaners se drie groot vryheidstrekke, het Langner voorts verduidelik.


Prof Pieter Kok en genl Gert Opperman


Dr Nicol Stassen en Prof Pieter Kok


Gert Andries Jacobus Alberts, Kommandant en leier van die eerste Dorslandtrek

# ’n Skuif in die regte rigting vir Carolina se kulturele erfenis

In die hoofstraat van Carolina staan die standbeeld van veldkornet Adriaan Jacobus de Lange vandag weer trots sy plek vol, na dié beeld onlangs deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) gerestoureer en verskuif is.

Die Carolina Burgermonument, wat sedert 1930 voor die NG Kerk staan, is in Junie 2021 gevandaliseer en na byna drie jaar is dié besonderse monument uiteindelik tot sy vorige glorie herstel en op 31 Mei, die herdenking van Republiekdag, weer amptelik deur die FAK onthul. Die monument staan nou op ’n ander deel van die kerk se gronde.

Barry Müller, hoof van nasionale projekte by die FAK, sê hierdie projek is ’n bewys van die kan-kultuur wat in ons land heers en sê hy is dankbaar vir elke gemeenskapslid wat by die projek betrokke geraak het.

“Lizelle van Aswegen, ’n plaaslike sakevrou en eienaar van verskeie gastehuise, het op die kop van die beeld in die hoek van een van haar erwe afgekom en met die FAK kontak gemaak. Uiteindelik kon ons met die proses begin om hierdie waardevolle stuk geskiedenis te herstel,” sê Müller.

Die standbeeld het ’n ryk geskiedenis wat Ermelo en Carolina verbind en vertolk die verhaal van die Slag van Spioenkop, waartydens die Boere swaar verliese gely het.

De Lange was ’n Boerekryger wat van 1882-1883 as deel van die Mapoch-kommando oorlog gevoer het, asook tydens die Anglo-Boereoorlog (ABO) in 1899. Hy was op 24 Junie 1900 die held van die Slag van Spioenkop, waartydens hy kop- en armwonde opgedoen het.

Die NG Kerk Carolina se geskiedenis is net so sterk deurweef met die geskiedenis van die oorlog met die hoeksteen wat reeds in 1888 gelê is.

Tydens die onthullingsgeleentheid het prof. Fransjohan Pretorius ’n interessante lesing gegee oor die rol van die Carolina-kommando in die ABO, tog vertel hy staan die manne se ervaring vir hom meer uit as die historiese feite van die Slag van Spioenkop.

“Hierdie geleentheid en die geskiedenis wat die voorafgegaan het, leer ons vandag om in ons geloof te verdiep. Die oorlog het die manne en vroue wat daaraan deelgeneem het, geleer om in geloof te verdiep en daarom is dit so belangrik om hierdie mense te eer en te onthou, want dit leer ons om vandag ook vas te klou aan ons geloof en die hoop vir ’n beter toekoms,” sê Pretorius.

Dr. Tiaan Schutte het gepraat oor die ongevalle van die Carolina-kommando tydens die ABO.

“Cornelis Potgieter (17) was die jongste gesneuwelde op kommando. 13 van die gesneuwelde burgers se name staan op die monument. Carolina kan trots wees op wat hul bydrae was vir die oorlog,” sê Schutte.

Dr. Danie Langner, besturende direkteur van die FAK, het vertel waarom dit belangrik is om in vandag se tye steeds die bydrae van dié wat voor ons gekom het, te onthou én getrou te onderhou.

“Vandag staan ons hier om ’n monument te onthul en ons erfenis te vier, tog dink ek is dit belangrik om te let hoeveel kinders en jongmense hier by ons is. Wat my betref, is hulle vandag die belangrike gaste, daarom wil ek hulle in die oë kyk en met hulle praat,” sê Langner.

“Ek was ’n paar weke gelede in die VSA waar jy oorweldig word deur museums en trots op hul museums. Dit het my weer laat dink aan die Bybelteks ‘my erfenis is vir my mooi.’”

Dié teks is vir Langner die rede waarom organisasies soos die FAK saam met gemeenskappe werk om hul erfenis te bewaar, tog vertel hy lê die betekenis daarvan veel dieper.

“My erfenis is vir my mooi. Vir my lê die sleutel hiér in die woord ‘my’. Die storie wat hierdie monument vertel, is my storie, dis óns storie. Dit is stories van vasbyt, aanhou en deurdruk, en vriende wat huil as hul vriende sneuwel. Die monument vertel ons ook van die liefde van God – Selfs in die moeilike tye in ons geskiedenis was die Here by Carolina-kommando en so ook is hy vandag by ons en dit is mooi. Vandag het julle as Carolina-gemeenskap saamgekom en met ’n duidelike ‘ja’ gesê: ‘Ons erfenis is vir ons mooi.’”

# Een vreemde stem maak amok

Foto’s: Dia v Staden



Redakteur van Koerania, Dia van Staden, kon dit nie weerstaan om ’n foto by die EFF-plakkaat te neem nadat dit berug geraak het dat daar een EFF-stem uit die Orania kieslokaal gekom het nie.

Die Nasionale verkiesing het landwyd op 29 Mei plaasgevind. Alhoewel baie Oraniërs nie die nut daarin sien om ‘n kruisie vir verandering te trek nie, is dr Wynand Boshoff, parlementslid en leier van die VF Plus in die Noord-Kaap, optimisties oor die vooruitsigte.

Hy vertel: “Die afgelope verkiesing se uitslag het ‘n unieke geleentheid geskep om ons ideaal te bevorder. Skielik het die VF Plus ‘n hefboom om erkenning vir wat Orania reeds bereik het te bevorder, en die om die weg vir verdere vordering te baan.”

Dr Boshoff het reeds in 2011 by die politiek binne die VF Plus as takvoorsitter betrokke geraak. Hy het in 2015 as leier oorgeneem en beskryf die 2024 uitslae as ‘n hoogtepunt in sy loopbaan.

Oor die een EFF-stem wat die uitslae toon en wat die hele land aan die gons het, sê hy: “Oral is daar mense wat hou van grappies maak. Die EFF-stem in Orania het aandag getrek en mense laat lag, dit is al wat ‘n grapmaker wil hê. Of dalk is dit ‘n sterk protesstem? Waarteen sal mens nie weet as die persoon nie sê nie. Watter een van die twee ookal, ek dink mens glimlag, knip jou kop in erkenning en stap aan.”


Die merkie wat gereeld met trots op sosiale media platforms gedeel word, maar moeilik is om te verwyder, word aangebring.

Die Uitvoerende Hoof van die Orania Beweging het verlede naweek aan die Comrades marathon gaan deelneem en selfs daar is hy deur meer as 20 mense op die roete gevra of Orania al kon uitvind wie die EFF-stem uitgebring het. Met die duidelik gemerkte drafdrag waarop Orania Atletiekklub se naam pronk was hy gedurig in die kollig daaroor.

Joost sê: “My antwoord het verskil. Vir baie het ek sommer gesê dit was ek, sodat hulle bietjie oor Orania in die koerant kan lees. Vir sommige het ek verduidelik dat Orania ‘n stempunt in die groter omgewing is. Daardie opmerking het gewoonlik tot ‘n meer formele debat gelei. Hy vertel ook dat daar baie MK teenwoordigheid langs die pad was, en selfs hulle het die Orania atletiekklub se klere erken en deelnemers toegejuig!


Amanda Saaiman en Antonette Snyman het die stemlokaal beman en het flinke diens gelewer by die Plaasopstal in Vluytjeskraal-Noord.


Joop en Tillie Swanepoel het hulle kruisies op ‘n koue stemdag in Orania gaan trek.

# Die Kaplyn trek diep lyne

Dia van Staden - Redakteur

Wanneer daar aan musiekblyspele gedink word dan maak jou gedagtes gou 'n draai by Broadway se My fair lady, Mary Poppins, Seven brides for seven brothers en Fiddler on the Roof. Die belewenis van 'n musiekblyspel is altyd vermaaklik, informatief en dra 'n diep lewensles. Die Kaplyn is die mees onlangse musiekblyspel wat tot onlangs weer by die Afriforum Teater aangebied is. Koerania het by die tweede speelvak gaan inloer.

Jannes Erasmus het die roerende teks geskryf en betoon ook sy dank in die gedrukte program aan Francois Lessing wat die orkestrasie hanteer het. Johan Vorster, die kreatiewe direkteur van Inhoud Huis Musiek, wat ook die rol van generaal Ben Joubert vertolk het, het sy stempel van ondervinding duidelik afgedruk.

Liedjies soos Warm someraande, 'n Ma se hart, Ek verlang na jou, Ontlaai, Verlore seun en My pa se huis is pragtig vertolk. Sestien akteurs wat hulle musikale- en danstalente op een verhoog ten toon stel bly 'n lieflike ervaring, wanneer dit suksesvol uitgevoer word. In Die Kaplyn word die gehoor behoorlik saamgeneem op 'n reis wat dalk toeka gebeur het, maar tog rou wonde gelaat het wat soms nooit genees nie.




In die gedrukte program word daar geskryf: "Die Kaplyn was 'n rooi stuk grond tussen vyand en vriend. Die Kaplyn is 'n fiktiewe verhaal teen die agtergrond van die Grensoorlog. Ons soldate het hulle plig nagekom en alles gedoem om te oorleef en te oorwin. Party het huis toe gekom – ander het nie. Ons wil hulde bring aan dié wat soveel opgeoffer het."

Die storie is met effektiewe wipplank van emosies oorgedra. Die keuse van liedjies, oud en nuut, het die storielyn versterk. Die kleredrag het die gehoor soms lekker laat lag, want hulle kon daardie modes beslis onthou. Daar is met oortuiging 'n boodskap van hoop oorgedra.

Zöricke Snyman het drie rolle vertolk en is met oorgawe aktrise. Abel Knobel gaan haal note ver en geniet duidelik sy verhoogwerk. Ilan van Staden se werklike liefde vir mense is onafwendbaar deel van sy toneelspel en lewe. Carmen Basson as Lyfie se pragtige stem is klokhelder. Révan Luüs, soos die ander lede van Die Kaplyn se span, gaan gehore nog lank kan vermaak. Jacomien de Wet het die rol van ma Salomé Joubert uitmuntend met sang en toneelspel vertolk.

Menige veteraan het met rooi gehuilde oë uit die teater gestap, maar dit was duidelik dat hul met 'n tikkie trots hul skouers kon regop hou, want hulle was daar!

Jannes Erasmus, skrywer en regisseur, verduidelik: "'n Oorlog is 'n oorlog, met of sonder wapens. My grootste wens vir jou is dat jy die moed sal vind om jou oorlog te oorwin, dat jy jouself nie aanhou diskwalifiseer op grond van jou verlede nie, want Hy ontmoet jou nes jy is, waar ook al jy is."

Hou Afriforum Teater se sosiale media platforms dop, want van 2 Oktober tot 17 November bring die skrywers van Die Gelofte en Die Kaplyn vir gehore die splinternuwe musiekblyspel, Die Afrikaner maak so. Sien jou daar!



**Die oop verhoog met 'n duidelike rooi lyn daarop het reeds voorspel dat daar gedans, gesing, gehuil en gedink gaan word. Dit was 'n diep onthou...**

# 'n Basaar voorspel altyd lekker eetgoed

Die Hervormde Kerk in Orania het op Saterdag 1 Junie hulle gewilde jaarlikse basaar in die tuin van die Orania Beweging gehou.

Daar is boerewors, maalvleis, sosaties, wildsbiltong, boereworsrolle, kerrie & rys, boepensbroodjies, pannekoek, melksnysels, basaarpoeding, koeke, terte, gebak en ander lekkergoed te koop aangebied. Inwoners kon soos van ouds aan 'n kettieskietkompetisie deelneem. Soos altyd, het hierdie basaar aan al die verwagtinge van 'n ordentlike kerkbasaar voldoen!

Christiaan en Hester van Zyl was deel van die sameroepers en vertel: "Ons het groot dankbaarheid vir die ondersteuning en gesellige saamkuier van Oraniërs by ons jaarlikse basaar!"















**Eleksa Orania Pendeldiens**
van Kleingeluk tot by Orania-Wes.
Stoppe op die roete vertrek by Gannabos, Kuierstoep, Olienhout Woonstelle, Karooland Sentrum, ou Poskantoorgebou (Karoosig Aftreeoord) Eleksa en Vulstasie.

**Tot en met 20 April is alle ritte gratis.**

Vanaf 22 April sal die kaartjiekostes vir onbeperkte ritte per dag as volg wees:
Ritkaartjie Ɵ10.00 | Dagkaartjie Ɵ30.00
6 Dae (weekkaartjie) Ɵ120.00
26 dae (maandkaartjie) Ɵ400.00

Bejaardes 80 en ouer, tussen 09:00 en 16:00 gratis vervoer.

Vertrektye vanaf Gannabos elke halfuur vanaf 06:30

Vulstasie elke halfuur vanaf 06:45 tot 09:00. Daarna uurliks, op die uur vanaf Gannabos en op die halfure vanaf Vulstasie.

Dienste stop daagliks om 20:15 en Saterdae om 15:00

**GEEN DIENSTE OP SONDAE EN GEESTELIKE VAKANSIEDAE NIE!**

VERTREKTYE

Kontak Jannie Roux 082 573 4575

## ORANIA DAGBOEK

**JUNIE:**

**13 – 15 Junie:** BCVO Winterspele in Lichtenburg

**14-16 Junie:** Vryheidstigting Jeugberaad

**24 -28 Junie:** Vakansie dansklasse deur Weltevreden Dansakademie

**29 Junie:** Winterdans in die Gemeenskapsaal deur Weltevreden Dansakademie

**JULIE:**

**20 Julie:** Orreluitvoering

**AUGUSTUS:**

**1 – 3 Augustus:** KultuurKuier

**1 Augustus:** Stef Kruger en Dana Snyman – Woorde en wysies (Gemeenskapsaal)

**2 Augustus:** Sakeontbyt met aktuele gesprek

Boeke en Bredies – Skrywers vertel meer oor hul boeke en kuier met inwoners

Boekbekendstelling – Willie Spies – Eie rigting

**3 Augustus:** Orania Skouspel – waar talent floreer

**9 Augustus:** Toneel - Verhaal van Helen Martins - Huppelkind:

**12 – 17 Augustus:** Taaltoffietaalweek:

**12 Augustus:** FAK Liedjiesaand by Gannabos

**13 Augustus:** Woordspeletjiesaand

**14 Augustus:** Gemeenskapskonsert

**16 Augustus:** Kortfilmfees

**17 Augustus:** Klassieke musiekaand

**SEPTEMBER:**

**7 September:** Orania Gaan Groot

**23 – 28 September:** Orania Karnaval

# Winterspele laat sportharte warm klop

Foto's: Magdaleen Kleynhans




Die BCVO vier vanjaar sy dertigste bestaansjaar en die jaarlikse Winterspele 2024 word vanjaar in Lichtenburg aangebied. Die Orania CVO-skool is daar met hulle rugby en netbalspanne.

Die BCVO voorsitter van die Sportraad het die Opvoedingsraad van CVO-skool Lichtenburg bedank vir hulle harde werk en goeie voorbereiding vir die toernooi.

Marius Botha is die Sportraadvoorsitter van Noordwes en meld in sy programboodskap: "Foute is net soveel deel van sport as deel van die lewe. Die grootste uitdaging is om terug te kom en dit reg te maak. Jy word nie gedefinieer deur jou foute nie. Jy mag en moet jouself vergewe, jou kop oplig, daaruit leer en sterker terugkom. Dit sê baie van 'n mens se karakter."

Rugby en netbalspanne van die Noord-Kaap, Noordwes, Oos-Transvaal en Noord-Transvaal se CVO-skole se spanne neem tans aan die Winterspele deel. Koerania wens CVO-skool Orania sterkte toe met die spele!

Die volledige uitslae sal na afloop van die toernooi op Koerania se sosiale media platforms gedeel word.













# Ritmiese gimnaste palm medaljes in

Michelle Jacobs, eienaar en afrigter van die Oranjerivier Gimnastiekklub, het 7 van haar gimnaste vir hul eerste buitekompetsie in Kimberley voorberei en spog met pragtige resultate.

Saterdag 25 Mei sal vir dié klublede altyd 'n datum van oorwinning wees. Hul het, volgens wat Michelle vertel, veral hul vrees vir kompeterende deelname oorwin. "Ons almal se senuwees was gedaan en ek het skielik aan alles wat ek hul ooit geleer het, getwyfel," erken Michelle.

Daar was 85 deelnemers wat hul gimnastiekkragte gemeet het. Elke gimnas het vir hul vrydans en apparaat 'n punt verwerf en daar is ook 'n algehele punt per gimnas toegeken. Die Oranjerivier gimnaste het onder andere met 6 eerste plekke geseëvier. Die een algehele hoogste puntetelling vir alle ouderdomme in Pretgim is met trots ontvang.

Buiten die gimnaste se goeie resultate is die afrigter en ouers trots op die positiewe gesindheid wat elke gimnas met hul deelname getoon het. Juffrou Michelle sê: "My hart wou bars!"



Ritmiese gimnaste… In nog 'n kompetisie op 8 Junie het dié drie meisies goed gevaar. Carli Swanepoel het 'n derde en agtste plek verwerf, Nina Murphy het 2 eerste plekke en 'n trofee vir die hoogste punte in alle ouderdomme verwerf en Karli de Jager het 2 tweede plekke gekry.




Trotse gimnaste…
Van links staan Amoré Verster, Klara Murphy, Cecelia Wessels (3 eerste plekke ingepalm), Nina Murphy (3 eerste plekke), Melínke Murphy en Cielmari Verster. Voor sit afrigter, Michelle Jacobs.



OKKASIE HASIE
maak elke funksie 'n fees!
Dia van Staden • 083 726 1180 • dia@mweb.co.za

# KOERANIA Sport

Junie, 2024 | Volume 01 | Uitgawe Nr. 07

TSE Afsaal eiendomme
eerste op die voorgrond
ORANIA VRYHEID
Kontak ons vandag
053 207 0040
079 192 4337
eiendom@afsaal-op-orania.co.za
h/v Pêrellaan & Saffierstraat, Orania

# Opdraende was krampagtig

Dia van Staden - Redakteur




Comradesmanne

Die Comrades Ultra Marathon nommer 97 is op Sondag 9 Junie deur bykans 22 000 atlete gehardloop. Daar het al 470 000 atlete aan hierdie uitmergelende marathon deelgeneem.

Dit is die wêreld se grootste, mees gewilde en oudste ultramarathon en tog trek dié uitdaging duisende om jaar na jaar weer deel te neem. Die blase, sweet, spierpyne en liggaamlike uitdaging ten spyt.

Meer as 5 000 vrywilligers is deel van die span wat hierdie groot marathon organiseer. Alhoewel die Comrades nie in 2020 en 2021, weens die grendelstaat, gehou kon word nie, groei die deelnemerstal steeds.

Oraniërs wat deel is van die Orania Atletiekklub het vanjaar weer die Oraniavlag hoog gaan swaai. Christo Muller het marathon 21 suksesvol gaan voltooi, Wayne McDermitt het sy vierde gehardloop, maar derde marathon voltooi en Joost Strydom het nommer 2 voltooi.

Rikus Bronkhorst is tans 'n uitwoner, maar het ook die marathon suksesvol voltooi. Gerda Steyn het haar derde wen ingepalm en vir vroue die ou rekord laat spat. Duitser, Piet Wiersma, het sy eerste oorwinning behaal.

**Christo Muller het met 'n tyd van 10:07:30 klaar gemaak sy weergawe van gebeure met Koerania gedeel:**

"Daar gaan soveel emosies deur jou wanneer Chariots of Fire oor die luidsprekers speel. Die adrenalien pomp dan 10bar! Ek verkies beslis die af-marathon, al is dit verder. Na 20 keer se deelneem ken ek die bulte redelik goed, maar ek het weer besef dat die afwesigheid van Orania se bulte nie gehelp het nie. Ek doen dit weer-en-weer omdat dit 'n persoonlike uitdaging bly. Die kameraadskap en die gees rondom die paar dae is verslawend. Die voltooiing van die Comrades marathon sit jou in 'n ander klas op sportgebied. Selfs ystermanne sê Comrades is vir hulle erger. Ek mik reeds om volgende jaar onder 9 ure te hardloop. Ek het op 65km in die 10uur bus (groot groepering van atlete waar die pas van hardloop en stap gereguleer word) geklim en dit het my deurgedra. Die aanmoediging van die skare dra elke atleet op die roete. Dié jaar het regtig vasbyt geverg. Ek het op 20km krampe in my kuite begin kry en dit het tot die einde aangehou. Ek was gou by die Groen nommerklub om my kos te kry, maar daar word ek toe buite die tent flou. Die mediese beamptes was binne sekondes daar om die pyn in my kuite te verlig, want die bloed het knoppe gemaak en hulle moes vryf om dit te laat losskiet.

**Wayne McDermitt het met 'n tyd van 10:22:59 klaargemaak en deel sy gedagtes:**

"Al 4 wedlope was sulke verskillende ervarings dat dit onmoontlik is om een te kies wat meer uitdagend was. Ek moet wel sê ek sien nou weer uit na die af-wedloop. Ek kon voel dat ek nie genoeg kragoefeninge in my voorbereiding gedoen het nie en het daarom vroeg besef dat ek ekstra konserwatief moes hardloop om die wedloop klaar te maak. Comrades is 'n uitdaging aangesien mens altyd jou vorige tye wil verbeter. Jy kan dit slegs doen deur 'n verskeidenheid van faktore beter te bestuur as die vorige jaar. Die maande se voorbereiding en uitsien na Comrades is reeds verslawend. Die adrenalien gedurende die laaste week is die kersie op die koek. Die gevoel wat jy sal beleef as al jou beplanning eindelik uitspeel op die suksesvolle behaling van jou doelwit dien vir my as motivering. Tydens die wedloop kan jy jouself net motiveer deur te onthou dat dié marteling wel sal eindig. Ek word gemotiveer om volgende jaar weer deel te neem uit vrees om te vinnig sag te word, asook 'n bietjie groepsdruk. Dit was 'n hoogtepunt om te sien dat makkers dit ook almal klaar gemaak het. Niemand het dit maklik gehad die jaar nie. Ek dink nie die atmosfeer kan beskryf word nie. Jy MOET dit self beleef. Ondervinding is die enigste manier om werklik te weet wat dit bring. Tydens die wedloop begin almal met baie grappe en gesels, maar later verander dit na meer stilte, erns en senuweeagtigheid. Na afloop van die marathon is daar 'n mengelmoes van emosies waar jy deel met die teleurstellings, maar dankbaar is vir die sukses.

**Joost Strydom se marathon is binne 10:43:47 gehardloop en hy vertel self meer:**

"Ek "verkies" nie op of af-marathon nie! Die af is makliker om te hardloop maar maak heelwat meer skade aan spiere. Die op is sielkundig en fisies harder. Veral om op 79km Polly shorts te kry is 'n hartebreker! Ek het daar mense hoor vloek, hoor skel, hoor smeek, hoor bid, hoor pleit, mekaar hoor aanmoedig, mekaar hoor toesnou en mekaar hoor moed inpraat. Die op loop oor van die emosies. Ekt 'n vinniger tyd af gehardloop en het dus 'n beter herinnering daarvan. Maar ekt min kilos gehad vanjaar en met besering saam is dit ander faktore wat die op teenoor die af beinvloed. Ek het 'n besering opgedoen waar ek 'n meniscus geskeur het en kon van April af nie oefen nie. Krampe het my tot stillstand gedwing selfs wanneer kop en lyf reg was om te hardloop, laat in die wedloop. Dit was uiters frustrerend. Of daar 10 of 100km oor is, as jy stilstaan en tyd loop raak jy maar bekommerd. Ons het 'n lang tradisie van famile wat uitdagings aanpak wat uithouvermoë verg. Pretorius en Strydom voorsate het nog altyd sulke uitdagings aangepak Dit is vir my iets wat ek geniet, geestelik en fisies wil onderhou, om in my mense se voetspore te volg. Dit is vir my uiters persoonlik, miskien NET persoonlik. Ek is 'n beter middelafstand atleet en kompeteer beter op 13-21km waar my spoed my help. Hierdie gaan eerder vir my oor groter prentjie. Hulle sê mens raak verslaaf aan die serotonien. Ek het laasjaar euforia gevoel toe ek klaarmaak, vanjaar was dit net pyn en leiding. Min mense sien die tyd en moeite raak wat enige atleet insit. Mense oefen tans vir ysterman en ander kompetisies, ondersteun hulle asseblief as julle hulle sien. Na voltooiing is die harde werk verby! Spanmaats wat deur dieselfde gaan; vroeg in die koue opstaan, braais en kuiers mis, vroeg gaan slaap op Vrydae om Saterdag vroeg te hardloop help om gemotiveerd te bly. Die Oraniers, familie en vriende se ondersteuning en aanmoediging is vir my goud. Mense se ondersteuning en baie gebed! Om 'n gesonde liggaam te hê is so 'n groot voorreg en om hierdie goed te kan aanpak is genade van bo. Om 'n ASA geregistreerde klub op Orania te hê en met "ORANIA Atletiekklub" klere op die pad te gaan en ons gemeenskap te verteenwoordig beteken baie. Mens kyk sommer anders na jou eie gedrag en probeer bietjie ordentliker as gewoonlik wees. Die wegspring en deelneem aan Comrades is 'n gevoel wat jy nooit vergeet nie. Dis elektries. Met 22 000 atlete wat oplyn vir die wegspring, sover as wat die oog kan sien 'n "slang" van atlete wat uitkronkel teen die pad, tjok en blok skouer teen skouer. Al die tradisies soos die speel van Chariots of Fire, die hoenderhaan wat kraai, die elite atlete heelvoor, soos Gerda, Piet en ander wat regstaan om rekords te breek. Die heel agterste blokke met baie atlete wat met sekondes te spaar inkom op die 12 ure afsny. Almal hardloop dieselfde afstand. Dit is 'n ongelooflike hoendervleisgevoel van afwagting wat nooit vergeet kan word nie.




Christo Muller




Wayne McDermitt




Joost Strydom

# Dantél vat gedissiplineerde goud

Die persoonlike doelwitte wat Dantél Oosthuizen vir haarself tydens die voorbereidingsproses gestel het, was vir haar die grootste uitdaging.

Sy voel tevrede met haar finale week se voorbereiding waar sy ervaar het dat dit baie meer van 'n sielkundige stryd was. "Jy kan vir 'n week geen sout eet nie en jou waterinhoud word drasties gesny," vertel die fikse dame. Sy glo dat haar liggaamlike voorbereiding vir dié kompetisie voldoende was. Daardie laaste slukkie water wat sy 19:00 die vorige aand mag geneem het, en dan eers weer nadat sy op die verhoog verskyn het, was moeilik.



Dantél vertel dat, alhoewel dit 'n klein kompetisie was, het die vlak van professionaliteit nie geskort nie. Daar het ongeveer 20 mans en dames deelgeneem en sy het self aan die "strand bikini" en die "bikini fiksheid" afdelings deelgeneem. Sy het goue toekennings vir albei afdelings verwerf.

Dié wenner is oorgehaal om nog soortgelyke uitdagings aan te pak. Sy beskryf die ervaring waar sy op die verhoog moes verskyn en spesifieke posisies moes inneem vir die beoordelaars om die spierdefinisies goed te kan waarneem, as opwindend. "My kop was orals, want ek wou net daarop fokus om alles reg te doen," sê sy.

Dit was vir haar 'n eerste kompetisie en sy sien daarna uit om haar verhoogwerk te ontwikkel. "Ek sal 'n afrigter moet kry wat met posering help," verduidelik sy. Die regte manier van staan en draai en spiere vertoon is 'n kuns op sy eie.

Die vriendelike en behulpsame personeel het volgens haar bygedra tot die lekkerte van die kompetisie. "Jy bly beslis jou eie grootste kompetisie. Alhoewel almal mekaar bekyk en jy elke individu se harde werk kan admireer, moet jou eie dissipline jou grootste uitdaging bly."

Sy is oortuig dat elke individu werklik hard gewerk het om genomineer te word vir deelname aan die kompetisie. Daar is egter niks anders wat haar sou kon uitdaag om deel te neem, behalwe haar eie oortuiging nie. "Wat jy aanpak moet jy vir jouself doen. Dit maak nie saak of jy eerste of laaste kom nie, werk hard daarvoor. As alles in die lewe maklik was, dan het niemand dit gedoen nie," eindig Danté met wysheid af.